Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Geneeskunde : South African Medical Journal

Kaapstad, 7 Maart 1959 Deel 33 No. 10 Volume 33 Cape Town, 7 March 1959

SPONTANE SUBARACHNOÏDE BLOEDINGS (SUBARACHNOID HAEMORRHAGE)*

(DEEL I: DIE KLINIESE BEELD IN 30 GEVALLE)

H. P. WASSERMANN, B.Sc., M.B., Ch.B. (PRETORIA) en A. J. BRINK, M.D. (PRETORIA), M.R.C.P. (LOND.)

Departement Interne Geneeskunde en Degenerasie-Siektetoestande Groep W.N.N.R., Universiteit van Stellenbosch, Karl Bremer-Hospitaal, Bellville

'En vir sy vader gesê: My kop, my kop! Dié sê toe vir 'n dienaar: Dra hom na sy moeder. En hy het hom na sy moeder gebring. En hy het op haar knieë gesit tot die middag en gesterwe.'

II Konings 4 : 19-20.

Spontane subarachnoïede bloedings het gedurende die twintiger jare as kliniese entiteit geleidelik uit 'n heterogene groep toestande te voorskyn getree wat almal vroeër as ‚apopleksie' bestempel is. Na die verskyning van Collier[1] se klassieke beskrywing in 1922 is dit as kliniese entiteit erken. Aangesien geen spesifieke vorm van terapie beskikbaar was nie, wat ook al die onderliggende patologie was, is 'n studie van etiologiese faktore as van suiwer akademiese belang beskou.[2] Die ontwikkeling van neuro-chirurgiese tegniek en serebrale angiografie regverdig nou egter 'n meer positiewe optrede by sulke pasiënte. Die vinnig groeiende literatuur op hierdie gebied is baie volledig deur Walton[3] hersien.

Die Suid-Afrikaanse literatuur oor hierdie onderwerp is uiters beperk. Geerling[4] (1933) noem subarachnoïede bloedings as 'n komplikasie van trauma. In 1944 beskryf Stein[5] 'n geval in 'n 9-jarige kleurlingdogter met 'n subakute bakteriële endokarditis. Appleton[6] (1948) beskryf die kliniese beeld en verloop van 'n pasiënt met 'n serebrale aneurisma wat oorlede is ten gevolge van so 'n bloeding. Gevalle met 'n subdurale hematoom, wat ook voldoen aan die criteria vir spontane subarachnoïde bloedings, word genoem deur Erasmus.[7] Allen[8] verwys na die chirurgiese behandeling in gevalle met subarachnoïede bloedings.

Die huidige werk beskryf die bevindings by 'n reeks van 30 gevalle met spontane subarachnoïde bloedings, toegelaat tot die Departement van Interne Geneeskunde by die Karl Bremer-Hospitaal. Die studie strek oor 'n periode van 2 jaar vanaf 1 Julie 1956 tot 1 Julie 1958. Slegs die kliniese beeld word bespreek in hierdie artikel. Ander waarnemings en gevolgtrekkings word nog vir publikasie voorberei.

Materiaal

Die 30 gevalle bestaan uit 12 Blankes en 18 Nie-blankes. Die Nie-blanke groep bestaan uit 14 Kleurlinge en 4 Bantoepasiënte. Die term, spontane subarachnoïede bloeding, is gebruik vir die gevalle waar die beeld, te wyte aan die intrede van bloed in die subarachnoïede ruimte, 'n primêre gebeure is. Dit sluit dus gevalle uit waar die beeld sekondêr tot trauma en neoplasme is.

* Lesing gelewer tydens die tweede jaardag van die Mediese Skool van die Universiteit van Stellenbosch en die Karl Bremer-Hospitaal, Bellville, op 5 September 1958.

Die diagnose is in al die gevalle, op twee na, gemaak op grond van die kliniese beeld en bevestig met die bevinding van bloed en/of xantokromie in die serebro-spinale vog. Die 2 uitsonderinge is gediagnoseer op 'n geheel ‚tipiese' kliniese beeld, maar wat een week na die ictus helder vog by lumbaalpunksie getoon het in een geval, en 'n subhialoïede bloeding kenmerkend van subarachnoïede bloeding[3a] in die ander. Die criteria van McMenemey[9] is gebruik om te onderskei tussen 'n ware subarachnoïede bloeding en traumatiese lumbaalpunksie.

KLINIESE BEELD

Voorkoms. Gedurende die tydperk van studie was die aantal toelatings tot hierdie hospitaal 14,074. Hiervan is 2,932 tot die departement van interne geneeskunde toegelaat. Die voorkoms per 1,000 hospitaaltoelatings is dus 2·12; en per 1,000 gevalle tot die interne afdeling toegelaat, was daar 10·25 gevalle met subarachnoïede bloedings. Van die Blanke toelatings was 4 mans en 8 vrouens, en die Nie-blanke groep bevat 8 mans en 10 vrouens, wat die totale verhouding van mans tot vrouens in die verhouding 2 : 3 bring.

Ouderdom. Die ouderdomme varieer van 22 jaar tot 69 jaar, en toon 'n dubbele piek, nl. tussen 20-30 en tussen 50-60 jaar (Afb. 1).



Afb. 1. Ouderdomsdistribusie by 30 pasiënte met spontane subarachnoïde bloedings.

Seisoensvoorkoms. Geen definitiewe patroon is opgelet nie, en die verspreiding was ongeveer eweredig met 'n geringe styging in die lentemaande.

Geskiedenis voor die toeval. In nagenoeg die helfte van die gevalle (43·3%) is 'n geskiedenis van aanvalle van hoofpyn in die verlede gevind wat baie varieer in aard en distribusie. In 2 gevalle is 'n vorige geskiedenis van migraine gevind,

en in een van hierdie gevalle is die vader aan dieselfde soort hoofpyn onderhewig. Slegs in een geval kon 'n geskiedenis van 'n vorige bloeding gevind word. Onder die hipertensiegroep was slegs 2 bewus van hipertensie voor die aanval.

Swangerskap was in een geval aanwesig tydens die ictus (4 maande), terwyl een geval 4 maande, en 'n ander 16 maande na haar bevalling met 'n subarachnoïede bloeding presenteer het. Een geval het 7 swangerskappe gehad, maar het geen geskiedenis van 'n vorige bloeding nie.

Geassosieerde toestande. Een pasiënt is etlike jare lank al 'n bekende lyer aan diabetes mellitus wat met dieet alleen bevredigend gekontroleer is. In 'n ander pasiënt is littekens van epidermolysis bullosa gevind en die diagnose van porfirie is gemaak en bevestig deur die bevinding van 'n oormaat porfirien in die urine. Hierdie pasiënt is oorlede en by outopsie is 'n pulmonale embolis as oorsaak van dood gevind.

'n Geval met acanthosis nigricans en 'n geval wat met meningitis toegelaat is, en later 'n subarachnoïede bloeding ontwikkel het, is ook gevind. (Laasgenoemde word later meer volledig gerapporteer.)

Kardiovaskulêre toestande. Een pasiënt was op langtermyn antistollingsmiddels na 'n miokardiale infarksie en in onomkeerbare hartversaking toe hy 'n subarachnoïede bloeding ontwikkel het. 'n Geval met asimptomatiese aorta-insuffisiënsie is gevind. Sy Wassermann-reaksie was negatief, maar hy het penisillien-inspuitings vir 'n septiese voet gekry 'n paar maande van tevore. Geen tekens van subakute bakteriële endokarditis kon gevind word nie.

Geskiedenis van huidige aanval. Met een uitsondering, was die aanvang in al die gevalle skielik. Hoofpyn was die mees algemeen voorkomende simptoom en is in 76·6% van gevalle gevind. Slegs 4 kon die hoofpyn spesifiek lokaliseer terwyl die meerderheid van 'n ‚erge' of ‚barstende' hoofpyn gekla het.

In 63·3% van gevalle was daar bewussynsverlies wat in tydsduur gevarieer het van enkele minute tot koma waarmee die pasiënt toegelaat is en waarin hy oorlede is sonder om sy bewussyn te herwin. Van die gevalle het 10% konvulsies gehad en hieronder is ingesluit die bekende epilepsielyer wat in status epilepticus toegelaat is, met 'n bewese meningitis en wat later in die saal 'n bloeding ontwikkel het.

Nagenoeg die helfte van die pasiënte het 'n geskiedenis van vomering gehad by toelating, maar dié simptoom het in geen geval langer geduur as enkele ure na toelating nie. Twee gevalle het hematemese gehad na die ictus en is binne 48 uur na toelating oorlede.

Geestesverwardheid het in 43·3% van gevalle voorgekom, terwyl 2 gevalle volkome psigotiese gedrag getoon het by opname. Die psigose was 'n amnesties-konfabulatoriese simptoomkompleks soos by 'n Korsakoff-sindroom gevind word. Albei die psigotiese pasiënte het tydens hulle hospitaalverblyf na volkome normaal teruggekeer. In 20% van gevalle was daar 'n retrograde amnesie wat ook volkome herstel het. In 20% van gevalle was nekstyfheid 'n bewuste klagte terwyl 16·6% ook van fotofobie gekla het. (Dit sluit nie die geval met meningitis in nie.) Oormatige sweet is deur 13·7% van gevalle spontaan genoem en was ook veral 'n prominente klagte by die geval met 'n spinale subarachnoïede bloeding. Twee pasiënte het klagte van diplopie gehad en by albei kon 'n aneurisma as oorsaak van bloeding gedemonstreer word.

Bilaterale sciatica tydens die herstelperiode is eerste deur Arthur Hall[10] in 1932 beskryf, en hy het voorgestel dat dit te wyte is aan prikkeling van die cauda equina as gevolg van bloed in die subarachnoïede ruimte. Dit word dan soms ook as die Arthur Hall-sindroom bestempel. In ons reeks was daar een so 'n geval wat egter spoedig volkome opgeklaar het. Die simptome is getabuleer in Tabel I.

TABEL I. SIMPTOME BY 30 PASIËNTE MET SPONTANE SUBARACHNOÏEDE BLOEDINGS

	Totaal	*Persentasie*
Vorige hoofpyn	13	43·3
Migraine	2	6·7
Huidige geskiedenis:		
Hoofpyn:	23	
Frontaal	3	
Oksipitaal	1	76·7
Barstens, maar nie lokaliseerbaar	19	
Bewussynsverlies	19	63·3
Vomering	13	43·3
Verwardheid	13	43·3
Klagte van nekstyfheid	6	20·0
Amnesie	6	20·0
Fotofobie	5	16·6
Oormatige sweet	4	13·2
Duiseligheid	3	10·0
Konvulsies	3	10·0
Diplopie	2	6·6
Psigose	2	6·6
Hematemese	2	6·6

FISIESE BEVINDINGS

Die fisiese bevindings kan verdeel word in 5 groepe (Walton[3b]) en sal dus beskryf word onder: (1) Psigologiese effekte, (2) Tekens van konstitusionele respons, (3) Meningeale prikkeling, (4) Oogtekens en (5) Neurologiese tekens.

1. *Die geestestoestand* was normaal in slegs 30% van gevalle en dit omvat die meeste pasiënte wie se ictus etlike dae voor opname was. In Tabel II word die geestestoestand, soos gevind in hierdie reeks, in orde van voorkoms getabuleer. Dit varieer van buitengewone lomerigheid tot duidelike psigose of koma.

TABEL II. FISIESE TEKENS BY 30 PASIËNTE MET SPONTANE SUBARACHNOÏEDE BLOEDINGS

Geestestoestand	*Totaal*	*Persentasie*
Normaal	9	30
Gedisoriënteerd en lusteloos	7	23·3
Koma	4	13·2
Lomerig	3	10·0
Suf en apaties	3	10·0
Stuporeus	2	6·6
Psigoties	2	6·6

2. *Die konstitusionele respons* word weerspieël in die pols, bloeddruk, asemhaling en temperatuur, en in die urine deur albuminurie en glukosurie, terwyl die witbloedseltelling en besinking die hematologiese respons toon.

Die polsspoed varieer van 'n bradikardie tot tachikardie, maar die meerderheid val binne normale perke (Tabel III).

TABEL III. POLSSPOED

Spoed/minuut	30/60	60/70	70/80	80/90	90/100	100/110	110+
Getal	3	7	6	10	2	—	2

Die bloeddruk (Tabel IV) dui daarop dat die pasiënte in 3 groepe verdeel kan word. Die grootste groep is die normotensiewe groep. Ses gevalle was hipertensief en het so gebly. 'n Derde groep toon by opname, en oor die eerste paar dae na opname, 'n hipertensiewe lesing, maar dit keer terug na 'n normotensiewe lesing en bly dan deurgaans so.

Van die pasiënte met hipertensie was daar twee met

TABEL IV. BLOEDDRUKBEPALINGS MM. HG BY 30 PASIËNTE MET SPONTANE SUBARACHNOÏEDE BLOEDINGS

Normotensiewe groep	*Hipertensief, herstel na normotensie*	*Hipertensief, blywend*
120/80	230/110–160/90	180/100
115/80	170/100–160/80	245/120
105/60	200/105–130/80	175/100
140/100	220/140–130/90	200/130
120/70	170/120–130/80	150/110
135/80	230/120–140/90	220/100
115/70	240/140–150/80	
170/80		
110/80		
130/80		
170/60		
110/70		
190/80		
130/70		
130/90		
120/60		
120/60		
Totaal 17	7	6

papiledeem en hipertensiewe retinopatie wat egter presenteer het met 'n spontane subarachnoïede bloeding.

Die temperatuurkaart toon 'n groot variasie in patroon en feitlik elke soort koorskaart is gevind, van 'n blywende subnormale temperatuur tot 'n swaaiende temperatuur. In sommige gevalle was 'n byna normale temperatuur aanwesig met vinnige styging as terminale verskynsel. In ander gevalle het terminale hiperpireksie 'n skielike daling getoon. Die asemhaling is slegs van belang in soverre dat 3 pasiënte met Cheyne Stokes-asemhaling binne 48-uur na opname oorlede is. Die graad van albuminurie wissel van 'n ‚spoor' tot ‚2+' en is in 7 gevalle gevind. Die 3 met ‚2+' albuminurie was almal normotensief.

Glukosurie is in 6 gevalle gevind. Een geval met die bekende diabetes mellitus, wat net met dieet gekontroleer word, het by toelating 'n groen reduksie getoon. Die ander het geen geskiedenis van diabetes gehad nie en die reduksie was 'n verbygaande bevinding. Twee gevalle toon by opname 'n ‚baksteen'-reduksie. Een is in koma toegelaat met 'n bloedsuikervlak van 330 mg.% en is oorlede. Die ander het by opname 'n bloedsuikervlak van 167 mg.% gehad en het herstel met geen tekens van diabetes na die herstel nie.

Die witbloedseltelling varieer van normaal tot so hoog as 25,000 per c.mm. in een geval (Tabel V), terwyl die besinking normaal was in 6 pasiënte, maar in een geval selfs tot 100 mm. in die eerste uur was.

TABEL V. WITBLOEDSELTELLING EN BESINKING

Witbloedselle (c.mm.)	4,000–10,000	10,000–15,000	15,000–20,000	20,000+
27 Pasiënte	13	9	4	1 (25,000)

ROOIBLOEDSEL-BESINKINGSNELHEID. (WESTERGREN) MM./DIE EERSTE UUR (28 PASIËNTE)

Besinking	10	11–20	21–30	31–40	41–50	51–60	61–70	71–80	81–90	91–100
Pasiënte	6	4	4	3	2	4	1	1	2	1

3. Tekens van meningeale prikkeling. Die psigologiese bevindings, waarna reeds verwys is, vorm ook 'n deel van die beeld van meningeale prikkeling, nl. die rusteloosheid, die opgekrulde houding en die neiging om ondersoek te weerstaan, die komberse terug te trek, ens. Nekstyfheid (en Brudzinski se teken) en Kernig se teken is positief. In die geval met 'n spinale subarachnoïede bloeding het nekstyfheid eers 3 dae na die ictus gevolg, terwyl in 6 gevalle (20%) nekstyfheid afwesig was by opname. Die tyd van toelating na die ictus is van belang en word in Tabel VI weergee. Let op dat een geval slegs 'n paar uur na die ictus toegelaat is en nooit enige nekstyfheid getoon het nie. Nekstyfheid is soms gevind sonder 'n positiewe Kernig-teken en soos Walton[3c] vermeld, is eersgenoemde die mees betroubare teken van meningeale prikkeling. Die fotofobie in 5 gevalle is reeds genoem. Hoewel nie spesifiek vir subarachnoïede bloeding nie, is hierdie tekens die mees konstante en mees algemene fisiese bevindings van gevalle met subarachnoïede bloedings.

TABEL VI. NEKSTYFHEID BY 30 PASIËNTE MET SPONTANE SUBARACHNOÏDE BLOEDINGS

Teenwoordig	24
Afwesig	6
Tyd na ictus	paar uur, 3 dae, 4 dae, 7 dae, 21 dae en 28 dae.

4. *Oogtekens—retinale bloedings.* Subhialoïede bloedings is eerste deur Hale-White[11] in 1895 beskryf en is spesifiek vir 'n subarachnoïede bloeding. Sulke bloedings is in 4 gevalle gevind. In een pasiënt was dit bilateraal terwyl dit in 'n ander die diagnose bevestig het in die teenwoordigheid van normale serebro-spinale vogbevindings. Sulke bloedings kan binne 10 minute ontwikkel (Dandy[12]) terwyl Walton[3d] die ontstaan van so 'n bloeding kon waarneem. Ander tipes retinale bloeding kan voorkom en in 2 gevalle met hipertensiewe retinopatie is sulke bloedings gevind.

Papiledeem is gevind in 4 gevalle en in 2 hiervan maak dit deel uit van 'n hipertensiewe retinopatie. Die ander geval is die pasiënt met meningitis by wie die papiledeem verskyn het na sy 'n subarachnoïede bloeding in die saal ontwikkel het.

5. *Neurologiese tekens.* Die meeste skrywers, volgens Walton,[3e] meen dat in meer as 50% gevalle met subarachnoïede bloeding van aneurismale oorsprong (en selfs hoër in gevalle met angiomata), daar 'n mate van bloeding of vernietiging van serebrale weefsel teenwoordig is. Neurologiese tekens word in baie gevalle gevind, tog nie in almal nie, terwyl andersyds neurologiese tekens gevind kan word in persone sonder enige bewys van intraserebrale bloeding. Die neurologiese bevindings word in Tabel VII getabuleer. Ons het by 12 pasiënte uit die 30, neurologiese afwykings by ondersoek gevind.

Spinale subarachnoïede bloedings is seldsaam en in Walton se reeks was 3 gevalle (1%) te wyte aan so 'n bloeding.[3n] Die intrede van bloed in die subarachnoïede ruimte om die rugmurg gee aanleiding tot 'n skielike pyn soos 'n dolksteek, *coup de poignard*, van Mignon, en soos hierdie bloed opwaarts versprei, verskyn nekstyfheid en ander tekens van meningeale prikkeling. Die tydsverloop tussen die eerste verskynsel en laasgenoemde is afhanklik van die hoogte waar die bloeding in die spinale subarachnoïede ruimte plaasgevind het. Opistotonus is algemeen in hierdie gevalle. Retensie van urine is algemeen en die geweldige pyn mag aanleiding gee tot moeilikheid by die diagnose en abdominale katastrofe of nierkoliek mag foutiewelik diagnoseer word. In 2 gevalle in die literatuur beskryf, is 'n Dietl

TABEL VII. NEUROLOGIESE BEVINDINGS BY 30 PASIËNTE MET SPONTANE SUBARACHNOÏEDE BLOEDINGS

Pasiënt		*Kraniaalsenuwees*		*Hemiplegie-parese*		*Hemianopie*		*Pupilreaksie*		*Urine*	*Verloop*
Geslag	*Oud.*	*L.*	*R.*	*L.*	*R.*	*L.*	*R.*	*L.*	*R.*		
V	28			+		+	+				Blywend
V	22								Wyd.		
V	54									Retensie	Duur 3 weke
V	46			+							Dood
V	63	VII				+					
		XI, XII									
V	25	VI			+						Herstel
M	59		III								Blywend
M	40		VII								
M	±40		VII	+							
M	53			+							
V	25				+						Herstel
V	28				+						Herstel

se krisis gediagnoseer.[13] Die sciatica-soort pynverspreiding in die bene mag verwar word met 'n Arthur Hall-sindroom. Die derde groep simptome is verlammings te wyte aan beskadiging van die murg. Die bevindings by ons geval met 'n spinale subarachnoïede bloeding word kortliks weergee:

Blanke vrou, 54 jaar oud. Nefrektomie gehad vir ? abses van die regternier, 34 jaar gelede. Was volkome gesond tot 6 dae voor opname toe sy skielik gewek is deur 'n pyn ‚soos 'n messteek in die rug' (ongeveer op die hoogte van lumbaal 1-2). Drie dae later het sy 'n oksipitale hoofpyn ontwikkel en gevind dat haar nek styf en pynlik is. Sy sweet aanhoudend en buitengewoon baie sedert die aanval. Sedert die dag voor opname het sy geen urine passeer nie.

By ondersoek is gevind 'n vrou met opistotonus, nekstyfheid en 'n positiewe Kernig-teken. Die bloeddruk was 200/105 mm. Hg, maar herstel spontaan na 130/80 mm. Hg en bly konstant normotensief. Die blaas is tasbaar tot by die umbilikus en kateterdreinering met vloed-dreinering is toegepas. Die retensie van urine het 3 weke lank voortgeduur en het toe spontaan herstel. Angiografie (serebraal en vertebrale angiografie) en 'n miëlogram het geen afwykings getoon nie. Sy het volkome herstel.

BESPREKING

'n Oorsig van die Suid-Afrikaanse literatuur is reeds in die inleiding gegee. Die kliniese beeld sal waar toepaslik vergelyk word met bevindings van oorsese studies.

Die eerste opvallende bevinding is dat die toestand meer algemeen in hierdie hospitaal gesien is as in reekse deur Walton aangehaal. So byvoorbeeld, vind Taylor en Whitfield[14] (1936) 'n voorkoms van 0·63/1,000 hospitaaltoelatings en Walton [3f] se 312 gevalle toon 'n voorkoms van 1·7/1,000 hospitaaltoelatings (1956). Hy meen dus dat die toestand òf meer dikwels voorkom, òf meer dikwels gediagnoseer word as tydens Taylor en Whitfield[14] se studie. Ons syfer van 2·12/1,000 is aansienlik hoër as dié van Walton en dit mag wees dat die toestand meer algemeen is in Suid-Afrika.

Walton,[3g] haal 4 reekse[14-17] aan wat geen verskil in die geslagsvoorkoms toon nie en 3 reekse[18-20] wat 'n hoër voorkoms onder vrouens toon. Hy wys daarop dat slegs een klein reeks[21] meer mans as vrouens toon. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die toestand ietwat meer dikwels onder vrouens voorkom en ons bevinding van 'n 2 : 3 verhouding, mans tot vrouens is in ooreenstemming hiermee.

Die dubbele piek in ouderdomsvoorkoms, meen ons, is toe te skryf aan die twee etiologiese toestande: kongenitale vaskulêre afwykings, bv. aneurismas en angiomata in jonger mense en degeneratiewe veranderings in die ouer groep pasiënte, maar ons bevindings strook met dié van ander reekse wat die maksimum voorkoms tussen 40 en 60 jaar vind.

Die hoë voorkoms van vorige hoofpyne in hierdie reeks is waarskynlik te wyte aan die feit dat dit 'n prospektiewe studie was en daar noukeurig gelet is op die geskiedenis voor die aanval. Wat migraine betref, is die posisie deur Frankel[22] hersien en hy dui daarop dat in die verwantskap van die toestand tot subarachnoïede bloedings dit belangrik is om te probeer bepaal of die migrainehoofpyn wat in kinderjare begin, die eerste simptoom is van 'n aneurisma, of hulle toevallig geassosieerde toestande is en of die migraine die ontstaan van die aneurisma bevorder. Walton[3h] haal skrywers aan wat bewyse ten gunste van al 3 hierdie moontlikhede lewer.

Die geassosieerde toestande wat in ons reeks voorkom is divers en 'n spesifieke assosiasie is nie gevind nie. Die verhouding tot swangerskap is egter van belang. Die probleme by hantering van 'n geval met 'n subarachnoïede bloeding tydens swangerskap kan moeilik wees aangesien 'n subarachnoïede bloeding *per se* albuminurie en hipertensie kan veroorsaak en in 'n komateuse pasiënt kan die toestand maklik as eklampsie gediagnoseer word. Selfs as die diagnose van subarachnoïede bloeding bevestig is in so 'n geval, sal dit moeilik wees om toksemie as 'n bydraende faktor uit te skakel.[3i] Die feit dat 2 van ons pasiënte 4 en 16 maande na 'n bevalling met 'n subarachnoïede bloeding gepresenteer het, laat die vraag ontstaan of verhoogde intrakraniale druk tydens afdrukpogings 'n klein aneurisma so kon vergroot het dat dit tot 'n bloeding gelei het. Die ander geval wat egter 7 swangerskappe deurgemaak het, en jare later eers 'n bloeding ondervind het, weerspreek weer die effek van swangerskap op die vaskulêre defek. Behalwe vir 'n hoër voorkoms tydens swangerskap gekompliseer deur toksemie, as in normale swangerskap, kan daar volgens Walton[3i] nie 'n gesaghebbende opinie oor die verwantskap tussen swangerskap en subarachnoïede bloedings gegee word nie.

Die skielike aanvang en die prominensie van hoofpyn in die geskiedenis van subarachnoïede bloedings word allerweë erken. Die volgende prominente teken is skielike bewussynsverlies.[3j] Die feit dat 'n psigotiese beeld en konvulsies kan voorkom as aanvangsimptome is uiters belangrik in die differensiële diagnose en beklemtoon die belang van 'n deeglike fisiese ondersoek in gevalle wat as psigose of status epileptikus voordoen.

By fisiese ondersoek kan die bevindings baie uiteenlopend wees, maar tog is die kliniese beeld redelik kenmerkend, nl. 'n skielike aanvang met hoofpyn, bewusteloosheid of ander simptome soos genoem in die kliniese beskrywing. Die

bevinding van tekens van meningeale prikkeling, die belangrikste waarvan nekstyfheid is, sal noodwendig lei tot 'n lumbaalpunksie waarby die diagnose dan gefinaliseer kan word. Die konstitusionele tekens kan die beeld van 'n meningitis presies naboots.

Die moeilike gevalle is diegene sonder nekstyfheid en ander tekens van meningeale prikkeling, maar 'n skielike, erge hoofpyn regverdig altyd 'n lumbaalpunksie.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat 'n redelik massiewe glukosurie of albuminurie kan voorkom en in 'n komateuse pasiënt, miskien met asidose as gevolg van uithongering en/of braking, kan dit lei tot moeilike onderskeiding tussen 'n diabetiese koma en 'n bloeding. Die meningeale prikkeling is gewoonlik die onderskeidingsteken. (Die een geval met 'n baksteenreduksie en asetoon in die urine, is as diabetiese koma verwys. Die nekstyfheid het gelei tot lumbaalpunksie waar die diagnose van subarachnoïede bloeding gemaak is. Die familie kon ook vertel dat sy volkome gesond was tot 'n skielike hoofpynaanval voorgekom het gevolg deur koma kort daarna.)

Dit word dikwels beweer dat die pols stadig is in hierdie toestand vanweë verhoogde intrakraniale druk,[23] maar soos in Walton[3k] se reeks kon ons geen konstante verband vind nie. Bradikardie en tachikardie is gevind maar die meerderheid van gevalle het 'n normale polsspoed getoon.

Die bloeddruk in gevalle met 'n subarachnoïede bloeding moet opgevolg word. Verskeie skrywers het die tydelike styging in bloeddruk beklemtoon, maar in Walton se reeks was dit meer as eenmaal bepaal in slegs 13 gevalle. Die meganisme vir so 'n tydelike styging word toegeskryf aan die verhoogde intrakraniale druk en sy effek op die hipotalamiese senters.[3l] 'n Groot persentasie (20%) van ons gevalle toon so 'n tydelike styging van bloeddruk.

Albei die gevalle wat hematemese gehad het, is oorlede. Arteta[24] het gewys op die voorkoms van maagulkus wat deur prikkeling van die dele van die frontale korteks wat hipotalamiese aktiwiteit kontroleer, veroorsaak word. Die lokale letsel in die maag in gevalle met serebrale toestande met hematemese is onlangs beskryf deur Doig en Shafer.[25] Die essensiële letsel is skynbaar 'n veneuse kongestie met bloeding onder die mucosa en later met oppervlakkige ulserasie. Interessant is dus in hierdie verband die bevinding van 'n poliep in die maag, met 'n subakute ulkus daarnaas, vanwaar bloeding plaasgevind het in een van ons gevalle met hematemese.

Die essensiële meganisme van glukosurie word beskou as prikkeling van die hipotalamiese senters met mobilisasie van lewer-glikogeen deur simpatiese stimulering *via* die splanchniese senuwees.[3m] Meadows[26] beweer egter dat glukosurie ontstaan sonder hiperglisemie, 'n bevinding wat in ons 2 gevalle met 'n baksteenreduksie in die urine en verhoogde bloedsuiker nie bevestig kon word nie.

Lumbaalpunksie en sy belangrikheid in die diagnose van die toestand kan nie oorbeklemtoon word nie. In ons gevalle is lumbaalpunksie, waar moontlik, elke tweede dag gedoen en die bevindings hiervan sal elders gerapporteer word. In geen geval het ons 'n nadelige effek, toe te skryf aan die lumbaalpunksie, waargeneem nie. Dit is egter belangrik dat 'n minimum vog deur 'n dun naald geneem word. Manometriese bepalings moet geskied sonder die Queckenstedt-maneuwer. As 1-2 ml. vog verwyder word, is lumbaalpunksie in hierdie gevalle veilig selfs as daar verhoogde intrakraniale druk is.[2]

Die mortaliteit, sover onmiddellike prognose betref, (d.w.s. tydens die pasiënt se hospitaalverblyf) bevind ons 26·8% in ons reeks, maar dit word ook elders volledig bespreek.

OPSOMMING

1. 'n Prospektiewe studie van gevalle met spontane subarachnoïede bloeding is by die Karl Bremer-Hospitaal gemaak. Dertig gevalle is oor 'n tydperk van 2 jaar nagegaan.

2. Die kliniese bevindings is noukeurig nagegaan en waarnemings oor die simptome, tekens en gewone laboratorium-ondersoeke word hier uiteengesit.

3. Die voorkoms van 2·12 per 1,000 hospitaaltoelatings is hoër as die syfer in oorsese reekse en dit word voorgestel dat die toestand miskien meer algemeen in Suid-Afrika is as oorsee.

4. Daar word gewys op probleme by die differensiële diagnose, en huidige opvattings oor die meganisme van sommige tekens van die toestand word genoem.

5. 'n Geval met 'n spinale subarachnoïede bloeding word bespreek.

SUMMARY

1. A prospective study of patients presenting with spontaneous subarachnoid haemorrhage was conducted at the Karl Bremer Hospital. Thirty patients were examined over a 2-year period.

2. The clinical findings were studied in detail, and the observations on symptoms, signs and the usual laboratory procedures are presented here.

3. The incidence of 2·12 cases per 1,000 hospital admissions is higher than figures quoted for overseas series and it is suggested that the condition might occur more frequently in South Africa than abroad.

4. Problems in the differential diagnosis are discussed, and contemporary views on the mechanisms of some of the physical signs are mentioned.

5. A case of spinal subarachnoid haemorrhage is discussed.

Ons wil graag ons dank uitspreek aan die Superintendent van die Karl Bremer-Hospitaal vir verlof tot publikasie en aan mej. Y. Stuart vir die tikwerk verbonde aan die manuskrip.

VERWYSINGS

1. Collier, J., in Price, F. W. red. (1922): *A Textbook of the Practice of Medicine*. P. 1351. Londen: Oxford University Press.
2. Ballantine, H. T. en Klein, D. M. (1958): Circulation, **17**, 1112.
3. Walton, J. N. (1956): *Subarachnoid Haemorrhage*. *3a*, p. 92; *3b*, 65; *3c*, 91; *3d*, 93; *3e*, 98; *3f*, 8 en 9; *3g*, 9 en 10; *3h*, 30; *3i*, 39; *3j*, 54-56; *3k*, 76; *3l*, 85; *3m*, 88; *3n*, 23. Edinburgh en Londen: E. & S. Livingstone.
4. Geerling, R. (1933): S. Afr. T. Geneesk., **7**, 9.
5. Stein, M. (1944): *Ibid.*, **18**, 215.
6. Appleton, S. C. (1948): *Ibid.*, **22**, 288.
7. Erasmus, J. F. P. (1951): S. Afr. J. Clin. Sci., **2**, 307.
8. Allen, K. Lewer (1958): S. Afr. T. Geneesk., **32**, 821.
9. McMenemey, W. H. (1954): Proc. Roy. Soc. Med., **47**, 8.
10. Hall, A. J. (1932): Lancet, **1**, 1135.
11. Hale-White, W. (1895): Trans. Clin. Soc. Lond., **28**, 5, aangehaal deur Walton *loc. cit* 3.
12. Dandy, W. E. (1944): *Intracranial Arterial Aneurysms*. New York: Comstock Publishing Co.
13. Henson, R. A. en Croft, P. B. (1956): Quart. J. Med., **25**, 53.
14. Taylor, A. B. en Whitfield, A. G. W. (1936): *Ibid.*, **5**, 461.
15. Richardson, J. C. en Hyland, H. H. (1941): Medicine, **20**, 1.
16. Wolf, G. A., Goodell, H. en Wolff, H. G. (1945): J. Amer. Med. Assoc., **129**, 715.
17. Mené, G. en Teodori, S. (1953): Policlinico, **60**, 141, aangehaal deur Walton *loc. cit* 3.
18. Wechsler, I. S., Gross, S. W. en Cohen, I. (1951): J. Neurol. Psychiat., **14**, 25.
19. Hamby, W. B. (1948): J. Amer. Med. Assoc., **136**, 522.
20. Ask-Upmark, E. en Ingvar, D. (1950): Acta Med. Scand., **138**, 15.
21. De Oliveira Penna, D., Wajchenberg, B. L. en Franca Notto, A. S. (1952): Rev. Paulista Med., **41**, 1, aangehaal deur Walton *loc. cit* 3.
22. Frankel, K. (1950): Arch. Neurol. Psychiat., **50**, 669.
23. Sands, I. J. (1941): *Ibid.*, **46**, 973.
24. Arteta, J. L. (1951): Brit. Med. J., **2**, 580.
25. Doig, A. en Shafer, J. (1956): Quart. J. Med., **25**, 1.
26. Meadows, S. P., in Feiling, A. red. (1951): *Modern Trends in Neurology*. Londen: Butterworth.

DIE ERFLIKHEID VAN POLIKISTEUSE NIERE*

J. C. DE VILLIERS, M.B., CH.B. (KAAPSTAD)
Departement van Anatomie, Universiteit van Stellenbosch

Dit is wenslik dat aan die begin van hierdie bespreking daarop gelet word wat presies verstaan word onder die begrip: Polikisteuse niere. Vanweë die insluiting van talle verskillende vorms van kisteuse niere in een groot groep, is die denke oor hierdie onderwerp eerder verwar as opgehelder. In hierdie werk sal ons onder polikisteuse niere slegs vergrote niere insluit waarvan die normale weefsel feitlik geheel-en-al verplaas is deur kiste van verskillende grootte en met 'n verskillende inhoud. Ten spyte van hierdie omvattende veranderinge behou die niere egter hulle karakteristieke niervorm. In die uitgesproke toestand is hierdie siekte nie moeilik om te onderskei van ander kisteuse toestande van die nier nie.

'n Ander basiese begrip wat ook duidelik gestel moet word is dat daar in hierdie werk 'n duidelike onderskeid gemaak word tussen polikisteuse niere by pasgebore kinders en by volwassenes. Die gronde waarop so 'n onderskeid gemaak word, sal nie in besonderhede bespreek word nie, maar die belangrikste verskilpunte is:

(*a*) Baie duidelike verskil in ouderdom waarop die siekte voorkom.

(*b*) In pasgebore en klein kinders met hierdie siekte is daar baie dikwels een of meer ander aangebore defekte teenwoordig. Soortgelyke defekte is in die volwassene met polikisteuse niere beslis skaars, en van meer beperkte aard.

(*c*) Die siekte toon in die twee vorms 'n duidelike verskillende wyse van oorerwing en kom nooit in dieselfde familie voor nie.

(*d*) Daar is histologiese verskille tussen die twee.

Voorkoms

Polikisteuse niere, in watter vorm ookal, is 'n skaars toestand. Nasporing van die frekwensie van voorkoms in verhandelinge oor die onderwerp toon 'n kliniese voorkoms wat wissel van 1 in 184 tot 1 in 6,515 toelatings. Die groter frekwensie in sekere skrywers se werk is toe te skryf aan die feit dat hulle gewoonlik vanuit urologiese klinieke skryf. Die kliniese voorkoms is egter geen juiste indeks van die voorkoms van hierdie siekte in die algemene bevolking nie. Baie persone wat die nierdefek het, ondervind daar geen simptome van nie, en andere het slegs simptome vanweë kompliserende faktore van die nierafwyking sonder dat die basiese toestand dan gediagnoseer word. Om hierdie redes is dit dan ook verstaanbaar dat polikisteuse niere baie meer dikwels voorkom in post mortem materiaal as in kliniese materiaal. Dit is belangrik om by te voeg dat die insluiting van doodgebore kinders en pasgebore kinders in 'n patologiese reeks ook tot 'n baie hoër voorkomsyfer lei.

Familiestamboom

Die gedagte om hierdie siektetoestand se erflikheid na te spoor het toevallig begin nadat 3 pasiënte met polikisteuse niere in algemene praktyk waargeneem is. Later is vasgestel dat die 3 pasiënte tot een familie behoort. 'n Volledige familiestamboom is opgestel en die ander lede van die familie is opgespoor en klinies en radiologies ondersoek. Soveel informasie as moontlik is ingewin oor dié familielede wat reeds oorlede is en ou hospitaalrekords is opgespoor ten einde die diagnose te bevestig sover dit moontlik was.

Tot op die huidige tydstip is 28 gevalle gevind van polikisteuse niere wat sonder enige twyfel bewys is. In 6 familielede wat reeds oorlede is, was die siekte waarskynlik teenwoordig—gegrond op 'n geskiedenis van groot niere en hematurie. In 12 lede van die familie is daar vroeë tekens van die siekte, maar nie so uitgesproke dat 'n onbetwisbare diagnose gemaak kan word nie. In hierdie familie word die gene vir polikisteuse niere deur vyf geslagte ge-erf. Nog twee kleiner families is opgespoor, maar kon nie so volledig ondersoek word nie. Al die afwykinge wat al beskryf is in kombinasie met polikisteuse niere by volwassenes is nagespoor en hierdie familie is daarvoor ondersoek ten einde vas te stel of daar enige genetiese koppeling kon aangetoon word. Met dieselfde doel voor oë is bloedgroepbepalings gedoen op 40 van die lede van die eerste familie. Daar kon geen verband gevind word tussen polikisteuse niere en ander defekte nie, behalwe serebrale aneurisma en kisteuse lewer soos reeds welbekend is.

Erflikheid

Uit hierdie families, en uit die families wat beskryf is in die wêreldliteratuur, kan ons sonder enige twyfel sê dat ons in die volwasse vorm van polikisteuse niere te doen het met 'n dominante vorm van oorerwing. Daar was geen ondertrouery in hierdie familie nie.

Vanweë die feit dat die siekte van vader of moeder oorgedra word aan kinders van beide geslagte in gelyke verhoudings, kan ons aanneem dat hier geen bewys is vir geslagsgekoppelde oorerwing nie.

Daar kon geen bewys gevind word dat die siekte in latere geslagte vroeër voorkom as in hul voorafgaande geslagte nie. 'n Betreklike groot aantal gevalle met die siekte is onder die ouderdom van 20 jaar gevind in die vyfde geslag, maar hulle was almal asimptomaties en is toevallig gevind omdat die hele familie ondersoek is. Dit is waarskynlik dat die meeste van hulle geen simptome sal hê vir 'n hele aantal jare nie.

Geen bewys kon gevind word dat die siekte 'n geslag oorslaan d.w.s. van 'n voorvader na 'n kleinkind gedra word sonder dat die draer tussen-in die siekte vertoon nie. In een geval lyk dit oënskynlik so, maar die informasie oor die draer is so beperk dat geen besliste uitspraak hieroor gegee kan word nie.

Indien onder die begrip van penetrasie verstaan word die frekwensie van manifestasie van 'n eienskap in persone wat die gene vir daardie eienskap dra, vind ons in polikisteuse niere feitlik 'n 100% penetrasie. Soms moet 'n persoon egter 'n betreklike hoë ouderdom bereik alvorens die siekte tot uiting kom en dan nog mag die draer daarvan sonder enige simptome wees.

Variasie in Ekspressie

Wanneer die kliniese eienskappe van polikisteuse niere beskou word, selfs in dieselfde familie, is daar 'n baie groot

* Opsomming van 'n lesing gelewer tydens die tweede jaardag van die Mediese Skool van die Universiteit van Stellenbosch en die Karl Bremer-Hospitaal, Bellville, op 5 September 1958.

verskil in die ouderdom waarop die siekte begin, die graad waarin dit tot uiting kom en die wyse waarop dit die pasiënt aantas. Dit wil voorkom dat hier bewyse gevind kan word vir erflikheid deur 'n gene wat 'n groot variasie in ekspressie toon.

Die redes hoekom aangeneem word dat daar 'n monogenetiese oorerwing met 'n varieerbare ekspressie verantwoordelik is vir hierdie siekte, liewers as 'n poligenetiese stelsel, sal nie hier volledig bespreek word nie.

Dit is interessant dat daar verskeie siektes is waarin daar kiste van een of ander aard in die nier teenwoordig is, tesame met ander ontwikkelingsabnormaliteite. In polikisteuse niere by volwassenes is daar dikwels kiste in die lewer, soms in die pankreas of milt, en betreklik dikwels ook serebrale aneurisma.

By polikisteuse niere in klein kinders is daar dikwels veelvuldige ander gebreke, maar veral ook kiste in die lewer. Soms word, as 'n saamgestelde afwyking wat in verskeie kinders kan voorkom, die volgende gevind: Polikisteuse niere, pankreas en lewer, meningocoel en polidaktilie met ander minder algemene afwykings soms nog hierby gevoeg. Von Hippel-Lindau se siekte is 'n ander toestand waarin veelvuldige nierkiste—maar nie polikisteuse niere, gevind word tesame met hemangioblastome van die sentrale senuweestelsel en dikwels ook kiste in die pankreas. Ook in tuberose sklerose word nierkiste gevind as 'n onderdeel van 'n baie wydverspreide siektetoestand. Slegs tweekeer, in pasgeborenes, is ware polikisteuse niere saam met tuberose sklerose beskryf.

Dit sou beslis onwys wees om al hierdie toestande in een groep te wou saamtrek alhoewel hulle, oppervlakkig beskou, miskien heelwat ooreenkoms mag toon. Dit is egter interessant en beslis belangrik, dat in verskillende, wyduiteenlopende toestande, kiste van nier, lewer en pankreas in verskillende kombinasies kan voorkom. Weereens stuit ons op die vraag: Het ons hier te doen met 'n enkel gene wat kisteuse toestand van die viscera beïnvloed, maar met 'n wye varieerbaarheid in ekspressie toon, of is dit hier 'n poligeniese sisteem wat verantwoordelik is? Alleen deur die versameling van soveel materiaal as moontlik en deur noukeurige analise daarvan kan mettertyd 'n begrip ontwikkel van die menslike genetiese struktuur, en hierdie vrae beantwoord word.

THEME OF THIS STUDY

This study of the heredity of polycystic kidneys was begun after 3 patients with polycystic kidneys had been examined in general practice. Later it was found that these 3 patients were members of the same family. A complete family tree was drawn up and the other members of the family were traced and examined clinically and radiologically. As much information as possible was obtained regarding those members of the family who had already died, and old hospital records were investigated in order to confirm the diagnosis.

Hierdie artikel is slegs 'n voorlopige verslag en as sulks ook net 'n uittreksel uit 'n groter werk oor die erflikheid en kliniese aard van polikisteuse niere wat later gepubliseer sal word. Alle literatuurverwysings en erkennings sal by die latere publikasie ingesluit word.

CAUSTIC COMMENT*

The inability of so many well qualified physicians to express themselves effectively was stated by Alan Gregg, Director of Medical Sciences of the Rockefeller Foundation in an address at Jefferson Medical College in 1943: 'The common level of medical and scientific writing in our professional books and journals already constitute the most serious internal limitations to medical education and research.'

Hewitt maintains that the report of research is part of the research and that the standards which the investigator requires of himself at the bedside, the operating table, and the laboratory bench, should be carried undiminished to the library, the study, and the desk.

Here are Hewitt's own words: 'To a responsible writer, the manuscript with his name on it, is the highest product of his mind and art; as nearly flawless as he can make it, his property, rooted in his character and evidence of it. He is, moreover, scrupulous in matters of credit, use of quotation marks, accuracy of quotation, accuracy of paraphrase and accuracy of reference. All this implies that he can, and will, read accurately.

'There was a time, and I lived in the latter years of it, when knowledge of the foregoing principles, and possession of the attendant abilities, were parts of the equipment of an educated man. However he might earn his living, if he had behind him a formal education, its foundation generally was in the humanities. Laying of that foundation, moreover, had begun early in his life.

'Only in 1941 did I realize that laying the foundations for skilful English composition had been further delayed when I read the following in an article by Professor Bredvold, of the University of Michigan: "Our High School graduates have no real working knowledge of grammar, and what is worse, they have acquired, somehow, a contempt for such trivial study . . . grammar and rhetoric are, like logic, abstract and formal subjects. Our freshmen are not intellectually ready for abstract and formal subjects."

'What then is the prospect for the sons or grandsons of us who are here today, when a few years hence, they are preparing to enter the medical school? Can they, in the little time they are allowed for the humanities in the premedical course—can they compensate for the foundation in abstract and formal subjects which they did not get in grade school and high school? Some can and will, of course. The majority cannot or will not *and, unless they obtain help somewhere* no matter how eminent they may become in their chosen fields, they will be likely not to command as much respect in the learned world as might have been theirs if they had been equipped, in abstract and formal thinking, to hold their own.'

* Extracted from an address by H. Swanberg, B.S., M.D., F.A.C.P., presented at the Symposium on Medical Writing, 9th annual meeting, American Medical Writers' Association, St. Louis, 1 October 1952.

VAN DIE REDAKSIE : EDITORIAL

AFRIKAANS AS MEDIESE VAKTAAL

Nadat ons by 'n vorige geleentheid[1] geskryf het oor die huidige stand van Afrikaans as mediese vaktaal, het daar 'n uitgebreide korrespondensie oor die saak gevolg. Ons korrespondente was veral begaan daaroor dat daar mettertyd aangetoon sou word watter vordering al gemaak is. Dit is dus waarskynlik nou 'n geskikte geleentheid om die hele probleem weer te stel en om vordering te rapporteer.

Aan die begin moet ons dit weereens herhaal dat die skepping van 'n heel nuwe mediese terminologie geen geringe taak is nie. Dit is nie 'n taak wat volgens 'n formule afgehandel kan word nie. Gestadige maar progressiewe groei is nodig. Ook dien dit vermeld te word dat die probleem waarvoor ons staan waarskynlik vandag enig van sy soort in die wêreld is—met die uitsondering miskien van die Staat van Israel, waar ook 'n nuwe mediese terminologie geskep moes word. Onder omstandighede soos dié waaronder ons werk, is daar 'n paar moontlike weë wat gevolg kan word.

Om mee te begin kan ons dit oorlaat aan persone wat in Afrikaans skryf om die soort gebruike te volg wat hul self verkies—met dien verstande dat daar 'n poging tot konsekwente skryfwyse moet wees.

Tweedens moet daar 'n aktiewe komitee of komitees geskep word met die bedoeling om die betrokke probleme sistematies te probeer benader.

Derdens moet samewerking tussen die twee Afrikaanse universiteite sowel as al die beoefenaars van mediese Afrikaans, sover moontlik, gesoek word.

Deur middel van die *Tydskrif* is ons reeds besig om uitvoering te gee aan die eerste aanbeveling, naamlik, om skrywers min of meer hul eie gebruik te laat volg. Uit hulle pogings leer ons en bou ons ons eie gebruike op.

Samuels *et al.*[5] beskryf 'n atipiese fibrose-beeld wat maligniteit suggereer en hulle voel dat die korrekte beskrywende term ‚reactive fibrosis of tumour-induced type' sal wees. Een geval uit ons groep ‚chronies inflammatories' sal hierby inpas en die verdere verloop van die geval suggereer maligniteit van die pleura.

Ek wil graag my dank uitspreek aan prof. A. J. Brink vir fasiliteite en advies in verband met die werk, aan prof. H. Weber vir die histologiese en sitologiese ondersoeke, aan mnr. R. Ellis vir die fotografie, aan mej. Y. Stuart vir die tikwerk en aan dr. R. L. M. Kotze, Superintendent, Karl Bremer-Hospitaal vir toestemming tot publikasie.

VERWYSINGS

1. De Francis, N., Klosk, E. en Albano, E. (1955): New Engl. J. Med., 252, 948.
2. Roper, W. H. en Waring, J. J. (1955): Amer. Rev. Tuberc., 72, 616.
3. Donohue, R. F., Katz, S. en Matthews, M. J. (1958): Ann. Intern. Med., 48, 344.
4. Hinshaw, H. C. en Garland, L. H. (1956): *Diseases of the Chest*. Londen: Saunders.
5. Samuels, M. L., Old, J. W. en Howe, C. D. (1958): Cancer, 11, 980.

FIBROSIS IN RATS' LUNGS PRODUCED BY RADIOACTIVE MINE DUST*

B. F. THIART, B.Sc. (Physical Educ.), B.Sc., and F. M. ENGELBRECHT, D.Sc.

Department of Physiology, University of Stellenbosch

Jones,[1] after having examined the mineral residues of 29 silicotic lungs, concluded that sericite (the hydrated silicate of aluminium and potassium) rather than free silica (quartz) was the main cause of silicosis. He also maintained that the gold-bearing quartz conglomerate (banket) of the Transvaal, South Africa, was one of the most notoriously dangerous rocks with respect to its silicotic effect. The gold-bearing quartz of the Kolar Gold Fields, India, although it contained more quartz than the South African rock, was found less pathogenic. Jones[1] ascribed the greater fibrotic activity of the

* Paper presented at 2nd anniversary of the Stellenbosch Medical School, Bellville, 5 September 1958.

South African rock to the presence of acicular fibres of sericite. These fibres were absent from the Kolar quartz or occurred very rarely.

Many authors (Fallon and Banting,[8] Lemon and Higgins,[10] Simson and Strachan,[11] and Cummins[7]) investigated the fibrotic activity of sericite with quite contradictory results. The general consensus of opinion, however, is that of the two, free silica is the more dangerous component (Mavrogordato[4]). No acceptable explanation has yet been offered for the extremely dangerous silicotic effect of the S.A. gold bearing rock and it occurred to us that the presence of radioactive material in the S.A. rock might be a possible contributing factor in the pathogenesis of silicotic fibrosis.

Animal experiments were therefore planned to examine the fibrotic response caused by radioactive and non-radioactive samples of mine dust.

MATERIAL

All the dust samples used in this experiment, except snowit, were modifications of an original dust sample obtained from one of the gold mines on the Witwatersrand, Transvaal, South Africa, which also produces uranium. The radioactivity of the samples was determined by means of a labgear model D4019/W scintillation counter with a D4019/L discriminator-unit set at 15 volts. The output pulses were counted with a Philips electronic counter. One-g. samples were used and the counting time was one minute. Silica determinations were also carried out according to the method described by Stacy and King.[5] The following samples were used:

1. R_{153}. Original mine dust with 153 output pulses per minute and a silica content of 84%.

2. R_{502}. This sample was prepared from the R_{153} dust by sedimentation in distilled water and subsequent centrifuging of the supernatant suspension. The very fine dust obtained by this procedure gave 502 pulses per minute and contained 66% of silica.

3. R_0. Non-radioactive dust was prepared from sample R_{153} by treating it with acid to remove its radioactivity. (Snell and Snell.[6]) The silica content of this R_0 dust was 86%.

4. R_{300}. This sample was prepared by mixing equal weights of R_{502} and R_0 and gave 300 pulses per minute. It contained 76% of silica.

5. Snowit (Belgian quartz). It contained 94% of silica by chemical analysis and showed no radioactivity.

All the fractions except R_{502} were ground in an electrically

TABLE I. SIZE DISTRIBUTION OF DUST PARTICLES AND SILICA CONTENT

	Snowit	R_{502}	R_{300}	R_{153}	R_0
$>10\mu$	1%	3·3%	2·1%	0·5%	0·8%
5-10μ	4%	18·8%	9·5%	1%	1·7%
$< 5\mu$	95%	77·9%	88·4%	98·5%	97·5%
% Silica	94	66	76	84	86

driven agate mortar for at least 24 hours. The particle-size distribution of the samples was determined microscopically (Table I).

Preparation of Dust Suspensions for Injection

Of each sample 2 g. were accurately weighed out into screw-capped bottles, 40 ml. of sterile physiological saline added to each and then sterilized in a boiling water bath for 30 minutes. In all the samples 1 ml. of dust suspension corresponded to 50 mg. of the individual dust, and each animal received this amount.

Animals. Five groups of 20 rats (*Rattus norvegicus*, Wistar Institute) were injected with one each of the 5 samples in doses of 50 mg. of dust per animal. The intratracheal-injection technique of King *et al.*[2] was used.

Duration of experiments. The experiments lasted 320 days and the rats were killed at regular intervals as indicated in Table II. Owing to a few deaths duplicate killings could not

TABLE II. DAYS OF SURVIVAL AND GRADE OF FIBROSIS

Days	*Snowit*	R_{502}	R_{300}	R_{153}	R_0
30	3	2	1	1	1
60	3	2	1	1	1
90	4	2	2	2	1
120	4	2	2	2	1
150	4	2	2	2	1
180	4	3	3	2	2
210	5	3	3	2	3
240	5	3	3	3	3
280	5	4	3	3	3
320	5	4	4	3	3

be performed in all cases. The lungs of the animals that died were discarded after post-mortem examination.

Histopathological technique. The lungs were fixed in 10% neutral formol saline and suitable blocks selected along their long axes at the level of the hilum. Serial sections were made at 6 μ and were stained with haematoxylin and eosin and by silver impregnation (Gordon and Sweet[3]). The sections were examined and the pulmonary fibrosis graded according to King *et al.*[12] Five grades of fibrosis were recognized: Grade I, loose reticulin fibres with no collagen; Grade II, compact reticulin with or without a little collagen; Grade III, somewhat cellular but made up mostly of collagen; Grade IV, wholly composed of collagen fibres and completely acellular; and Grade V, acellular, collagenous and confluent. The gradings and days of survival are summarized in Table II.

PATHOLOGICAL FINDINGS

Macroscopic appearance of the lungs. In comparing the gross appearances of the lungs, R_{153} and R_0 samples appeared to be the least harmful; the R_{300} and R_{502} fractions were more pathogenic and snowit the most pathogenic. Greyish irregular dust foci were visible subpleurally in all animals killed. The size of these lesions increased steadily and became firmer in consistency, especially in the Snowit, R_{502} and R_{300} groups. The hilar lymph nodes gradually increased in size, the increase being the greatest in the snowit group.

Microscopic study of the lungs. The pulmonary changes caused by the various dust modifications varied in rate and severity. In the snowit rats fibrosis developed more rapidly than in the other groups and by 30 days Grade III fibrosis was obtained. The lesions progressed fairly rapidly and by 210 days Grade V fibrosis was reached.

The various mine dust modifications produced more or less the classical lung pathology of experimental silicosis, but fibrosis developed more slowly than in the snowit group. The R_{502} and R_{300} samples were more pathogenic than samples R_0 and R_{153}. They produced an advanced Grade III fibrosis by 180 days, while the R_0 and R_{153} groups only reached Grade II. Photomicrographs of the lesions are shown in Figs. 1-5.

From the sections examined it also appeared that relatively more cell destruction occurred in the lungs of the R_{502} and R_{300} groups than in the other groups especially during the early stages of the experiment. The fibrosis was more diffusely scattered throughout the lungs, and not mainly nodular in character as in the snowit group.



Fig. 1. Rat lung, 150 days after the injection of 50 mg. non-radioactive mine dust (R_0) with a silica content of 86% showing early Grade I fibrosis. Silver impregnation. (X 200). *Fig.* 2. Rat lung, 150 days after the injection of 50 mg. radioactive mine dust (R_{153}) with a silica content of 84% showing early Grade II fibrosis. Silver impregnation. (X 200). *Fig.* 3. Rat lung, 150 days after the injection of 50 mg. radioactive mine dust (R_{300}) with a silica content of 76% showing Grade II fibrosis. Silver impregnation. (X 200). *Fig.* 4. Rat lung, 150 days after the injection of 50 mg. radioactive mine dust (R_{502}) with a silica content of 66% showing an advanced Grade II fibrosis. Silver impregnation. (X 200). *Fig.* 5. Rat lung, 150 days after the injection of 50 mg. snowit with a silica content of 94% showing Grade IV fibrosis. Silver impregnation. (X 200).

Hyperplasia of the peribronchial lymphoid tissue was a common feature of all the sections examined, and in advanced fibrotic nodules scattered collections of lymphocytes were observed near the blood vessels and bronchial tubes.

Another prominent feature was the presence of needle-shaped, probably crystalline, structures in the lungs of the rats injected with R_{502} and R_{300}. In the R_0 and snowit groups these structures could not be detected while in the R_{153} group only a few 'crystals' were seen in some of the sections. These 'crystals' were especially abundant in the acellular nodules of the R_{502} and R_{300} series, but were also observed in some of the macrophages, in some alveoli and in a few loosely arranged cellular fibrotic nodules. There was a conspicuous new formation of canals in some of the advanced fibrotic areas caused by R_{502}, R_{300} and snowit samples.

DISCUSSION

In the present investigation snowit served as a control and it produced more fibrosis than the mine dust samples. No correlation could be established between the silica content of the different dust samples and the grade of fibrosis produced during the first 150 days of the experiment. Although sample R_{502} contained only 66% silica, it was more pathogenic than the original dust sample R_{153} which contained 84% silica. This finding suggests the presence of a possible fibrogenetic factor other than the silica content.

Needle-shaped structures were observed in the lung sections of the rats injected with samples R_{502}, R_{300} and R_{153}. In the R_{502} and R_{300} these structures occurred in abundance, especially in the fibrotic nodules and to a minor extent in the alveoli and macrophages. No such structures could be detected in the snowit and R_0 groups. According to Jones[1] the South African gold-bearing rock contains many acicular fibres which he regarded as sericite and from which he concluded that sericite was the main cause of fibrosis. Fallon and Banting,[8] Lemon and Higgins,[10] and Cummins[7], however, found sericite to be much less fibrogenetic than quartz. The high pathogenicity of the R_{502} and R_{300} samples could therefore not only be ascribed to their possible sericite content.

King, Gilchrist and Rae[9] found that acid treatment of sericite increased its fibrogenetic properties. In spite of acid pre-treatment of Sample R_0 to remove its radioactivity, it produced less fibrosis than R_{153} over the initial 150 days. (R_0 was prepared from R_{153} by acid treatment.) The fibrogenetic activity of sample R_{153}, therefore, probably depended on its radioactivity.

It is interesting to note that there was no correlation between silica content and grade of fibrosis during the early stage of the experiment. At this stage the grade of fibrosis produced corresponded to the degree of radioactivity of the various dust samples. This appeared to be very important especially when the composition of sample R_{502} is considered. It consisted of very fine particles obtained from the original dust R_{153} (see material). This fine dust (R_{502}) contained more radioactive material and less silica and produced more fibrosis than the original. This observation might explain the extremely high pathogenicity of the Witwatersrand mine dust in the following way:

Although the natural mine dust (R_{153}) produced only slightly more fibrosis than the non-radioactive R_0 sample, it is possible that those working underground are in fact exposed to a dust with a much higher radioactivity than natural mine dust, (R_{153}). The finer the dust particle the longer it will remain airborne and the better it will be inhaled. According to Orenstein[13] we are justified in regarding with some scepticism the ability of water to remove from the air the dangerous very fine particles. Since these dust particles have the highest radioactivity the inhaled dust will be more radioactive than natural mine dust, (R_{153}).

CONCLUSION AND SUMMARY

The fibrogenetic action on the lungs of rats of different radioactive mine-dust samples was investigated. In the presence of radioactive material no correlation was found

between the silica content of the samples and the grade of fibrosis produced. During the early stages of the experiment the samples containing radioactive material caused a greater fibrosis than the non-radioactive mine dust sample. During this stage the grade of fibrosis produced corresponded to the degree of radioactivity of the samples. In the later stages no marked difference was observed. It is suggested that the presence of radioactive material in the Witwatersrand mine dust contributes to its exceptional fibrogenetic activity.

We are indebted to the South African Council for Scientific and Industrial Research for a grant to defray part of the expenses of this work.

REFERENCES

1. Jones, W. R. (1933): J. Hyg. (Lond.), **33**, 307.
2. King, E. J., Mohanty, G. P., Harrison, C. V. and Nagelschmidt, G. (1953): Brit. J. Industr. Med., **10**, 76.
3. Gordon, H. and Sweet, H. H. Jr. (1936): Amer. J. Path., **12**, 545.
4. Mavrogordato, A. (1940): J. Chem. Soc. S. Afr., **40**, 326.
5. Stacy, B. D. and King, E. J. (1954): Brit. J. Industr. Med., **11**, 192.
6. Snell, F. D. and Snell, C. T. (1937): *Colorometric Methods of Analysis:* 3rd ed., Vol. II, p. 490. London: Chapman and Hall.
7. Cummins, S. L. (1937): J. Exp. Med., **49**, 163.
8. Fallon, J. T. and Banting, F. G. (1935): Canad. Med. Assoc., J. **33**, 407.
9. King, E. J., Gilchrist, M. and Rae, M. V. (1947): J. Path. Bact., **59**, 324.
10. Lemon, W. S. and Higgins, G. M. (1935): Amer. Rev. Tuberc., **32**, 243.
11. Simson, F. W. and Strachan, A. S. (1935): S. Afr. Inst. Med. Res. Publications, **6**, 367.
12. King, E. J., Harrison, C. V., Mohanty, G. P. and Nagelschmidt, G. (1955): J. Path. Bact., **69**, 81.
13. Orenstein, A. J. (1957): S. Afr. Med. J., **31**, 797.

TIBIALE VERLENGING VIR BEENVERKORTiNG *

ANDRÉ ROUX, M.B., CH.B., F.R.F.P.S., F.R.C.S. (EDIN.)

Kliniese Assistent in Ortopedie, Karl Bremer-Hospitaal, Bellville en Lady Michaelis-Ortopediese Tehuis, Plumstead, Kaap

Beenekwalisasie is 'n onderwerp waaroor daar baie meningsverskil bestaan. Die betreklike onpopulariteit van beenverlenging dui op die mislukkings van die verlede. Verskil in beenlengtes het jare lank al 'n moeilike probleem geskep. Die verskillende faktore verantwoordelik vir beenverkorting maak 'n eenvoudige benadering tot hierdie afwyking onmoontlik. Daarby dui die groot aantal prosedures wat al aangewend is om die verkortings te oorkom daarop dat daar nie 'n eenvoudige antwoord vir die probleem is nie.

Verskil in beenlengte is betreklik algemeen. In 'n volwasse persoon is 'n verkorting van $\frac{1}{4}$ duim normaal en 'n groter verkorting word beskou as gebrekkig. 'n Verkorting van meer as 2 duim is 'n ernstige hindernis. Afgesien van die meganiese ongemak, is die sielkundige effek soms baie groot en daarby kan die individu nie op gelyke terme kompeteer op die arbeidsmark nie. Die abnormale slytasie in die normale been lei in baie gevalle tot vroeë osteo-artritiese veranderinge in die heup en ook in die rug. 'n Opgeboude skoen is ook baie duur. Beengelykmaking is 'n probleem wat dikwels voorkom en dit is van die grootste belang vir die pasiënt.

In Edinburgh, veral, is daar 'n intensiewe belangstelling in die probleem, en die tegniek wat vervolgens beskrywe word, het dáár sy ontstaan gehad. Die meeste werk i.v.m. beengelykmaking is egter in Amerika gedoen. Of gelyke beenlengtes verkry moet word deur verlenging van die korter been of verkorting van die langer been, is kontensieus.

Beginsels by die Behandeling van Beenongelykheid

Dit is moeilik om vaste reëls neer te lê waar so baie verskillende faktore in aanmerking geneem moet word, dog dit is veilig om die volgende twee reëls na te kom:

Eerstens, in 'n pasiënt met een uitgeteerde been, moet die geaffekteerde been behandel word. As daar dan onvermydelike komplikasies na die operasie mag volg, sal die pasiënt nie so baie verloor nie. Maar 'n komplikasie in die pasiënt se enigste normale been sal katastrofies wees.

Tweedens, in 'n pasiënt met, sover dit krag betref, 2 normale bene, maar een verkort, moet die langer been verkort word. In 'n lang persoon, moet verkorting oorweeg word en in 'n kort persoon verlenging.

Soos dus hiervan afgelei kan word, word tibiale verlengings meestal in ou poliogevalle gedoen. Die polio-entstof sal sal hierdie misvormende siekte hopelik iets van die verlede maak, dog die ou poliogevalle sal nog baie jare lank met ons wees.

Beskikbare Tegnieke

Die verskillende tegnieke beskikbaar vir beengelykmaking kan groepeer word onder die volgende 3 hoofde:

1. *Beenverkorting* is 'n groot operasie op 'n normale ledemaat en word gedoen vir verkorting weens 'n T.B.-heup, en vir 'n kongenitale kort been. Die been teenoor die verkorte been moet verkort word. Dit is veiliger om dit op die tibia te doen, as op die femur.

2. *Teenhouding van epifisiële groei.* Hierdie prosedure kan alleenlik in kinders met 'n groeiperiode van nog etlike jare gebruik word. Die epifisiële blokoperasie van Phemister[1] en die meer populêre gebruik van die kram (staple), [2, 3] veral in Amerika, is die 2 operasies in gebruik om epifisiële groei in die langbene te verminder. Die epifese van die onderent van die femur, aan die normale kant, en soms ook die proksimale tibiale epifese, word uitgeskakel en daardeur word die groei in die normale been verminder, terwyl die verkorte been toegelaat word om te groei, sodat die twee gelyk mag wees as volwassenheid bereik word. Dus, eerstens moet die verwagte groei van die verkorte been 'bereken' word. In polio sien ons die beeld dat hoe vroeër die ledemaat affekteer is, en hoe jonger die kind is, des te groter is die verkorting. Tweedens moet die verwagte groei van die normale been bepaal word. Soveel faktore beïnvloed beengroei dat geen presiese metode beskikbaar is om die verwagte groei van 'n been te bepaal nie. Dog tabelle is beskikbaar wat dui op die verwagte verkorting of groei, wat sal plaasvind.[4, 5] Die voordeel verbonde aan klamme is dat epifisiële groei tydelik gestaak kan word en dat verdere groei plaasvind met verwydering van die klamme. Of die groei na verwydering van die klamme normaal sal voortgaan, is te betwyfel. Alle berekenings word dan omvergewerp.

3. *Beenverlenging* kan verkry word deur stimulering van die epifisiële groei of deur meganiese distraksie. Van al die metodes om bene gelyk te maak, is groei-stimulering van die

* Lesing gelewer tydens die tweede jaardag van die Mediese Skool van die Universiteit van Stellenbosch en die Karl Bremer-Hospitaal, Bellville, op 5 September 1958.

verkorte been teoreties die aanneemlikste, dog geen betroubare en veilige metode is egter so ver ontwikkel nie. Die soektog na só 'n metode, begin deur Von Langenbeck[6] in 1869, gaan steeds voort. Die groot getal en verskeidenheid van metodes wat al gebruik is in die verlede, wys dat die probleem nog onopgelos is. Dit is bewys dat 'n verhoogde bloedtoevoer na die lang bene van kinders, beengroei sal stimuleer. Die meerderheid van metodes poog om 'n vermeerderde bloedtoevoer na die ledemaat te kry, veral in die omstreke van die epifese. Die direkte metodes behels o.a. eenvoudige periosteale afstroping, metafisiële boorgate, en inplanting van sulke vreemde materiaal soos yster, koper, ivoor en selfs groeihormoon-poeier.[8] Die mees algemene indirekte metode in gebruik, is lumbale simpatektomie. Harris[7] beweer dat die resultate in lumbale simpatektomie teenstrydig is, en dat die effek van simpatektomie op die groei van 'n verkorte been meer van teoretiese as praktiese waarde is. Totdat 'n ideale metode van epifisiële stimulering gevind word, bly ons dus oor met die enigste praktiese alternatief—meganiese verlenging van die verkorte been.

GESKIEDKUNDIGE OORSIG VAN BEENVERLENGING

Die eerste aangetekende poging tot beenverlenging, is beskryf deur Codivilla[8] in 1905. Putti,[9] in 1921, was die eerste persoon wat die nou aanvaarde beginsel van traksie en teentraksie direk aan die verkorte been gebruik het.

In 1927 het Abbott[10] 'n metode van tibiale verlenging beskryf, wat met modifikasies 'n standaardoperasie in Amerika geword het. Abbott se operasie vorm die basis van die operasie wat ons nou nog doen. Abbott, na hy die tibia ingesny het, het traksie en teentraksie aangewend deur middel van Steinmann-penne proksimaal en distaal van die osteotomie. Die stappe van sy operasie was: (1) Verlenging van die tendo achilles, (2) osteotomie van die fibula, (3) die Steinmann-penne is aangebring, (4) osteotomie van die tibia en insnyding van die periosteum van die tibia reg rondom die been, asook van die diep fascia op die antero-laterale aspek van die been en (5) die distraksie apparaat is daarna aangebring. Die beenente is dan geleidelik van mekaar getrek.

Abbott het na-operatiewe moeilikheid gehad om voorwaartse angulasie van die fragmente te voorkom weens die boogsnaaraksie van die gespanne spier. Baie veranderinge is al aan die apparaat aangebring o.a. ook om hierdie moeilikheid te oorkom, want dit is hoofsaaklik hiér waar hy gefaal het.

Kontraindikasies vir Beenverlenging

1. Die ouderdom van die pasiënt. Volgens Campbell[5] moet slegs jong volwasse persone met 'n korting van 2 duim of meer, as geskikte persone beskou word. Dit is geen wonder dat hulle dan besluit dat ‚in ons ondervinding, is beenverlenging 'n uiters gedugte onderneming wat 'n lang periode van ongeskiktheid insluit met baie lyding, en dit is selde geregverdig'. *Dit* skyn die algemene opvatting by die meeste Amerikaanse chirurge te wees wat die Princess Margaret Rose-Hospitaal in Edinburgh besoek, waar al meer as 150 verlengings gedoen is. Ons volg die tegniek van tibiale verlenging soos ontwikkel deur drs. Anderson en Stirling in Edinburgh. As die verkorting van so 'n aard is dat meer as 2 duim van verlenging nodig is, mag die operasie nog vroeër gedoen word, sodat in uitsonderlike gevalle 'n tweede operasie 'n paar jaar later gedoen kan word. Beenverlenging mag tot die ouderdom van 14 jaar gedoen word met omtrent geen pyn nie. Tussen 14 en 16 jaar moet die operasie selde gedoen word en word gewoonlik vergesel van 'n dowwe pyn, wat selde pynstillers benodig. In 'n volwasse persoon is die prosedure moeiliker, meer geneigd tot senu- en vaskulêre komplikasies en baie pynlik.

2. Onlangse of aktiewe been- of gewrigsontsteking.

3. Korting wat so groot is dat die aanbring van 'n kunsbeen beter sou wees.

4. 'n Lang persoon in wie verkorting van die ander been oorweeg moet word.

Femorale Verlenging

Hierdie prosedure is geensins populêr nie. Meganiese verlenging van die femur is baie moeiliker en permanente of tydelike beperking van kniebewegings word in alle geval gesien. Die styfheid word verklaar deur die pen wat deur die onderste derde van die femur geplaas word, asook weens die geweldige druk wat op die kondiles uitgeoefen word.

Femorale verlenging met 'n beenskyf wat tussen die beenente geplaas word, na verdeling van die femorale skag, is ook nie in algemene gebruik nie. Dié beenoorplanting neem ongeveer 'n jaar om vervang te word.

Tibiale Verlenging

Hierdie prosedure word meer geredelik aanvaar. Daar is goeie redes waarom dit 'n beter prosedure is. In polio vind meeste van die beenverkorting in die tibia plaas en tibiale torsie kan gedurende die verlenging gekorriseer word. Afgesien daarvan dat tibiale verlenging 'n makliker operasie is, kan kniebewegings gedurende die hele verlengingsperiode gedoen word.

Die hoofindikasie vir beenverlenging is beenverkorting van meer as 1½ duim. Vir minder verkorting, buiten as die heup of rug styf is, word gekompenseer deur bekkenoorhelling en/of skoenopbouing. Volgens Ingram,[5] is absolute gelykmaking nie altyd wenslik nie. 'n Pasiënt wat 'n lang kaliper moet dra is gewoonlik beter daaraan toe met 1 of 2 cm. verkorting aan die geaffekteerde kant. As 'n lang kaliper nie benodig word nie, moet die verlenging absolute gelykmaking verkry. As voetstabilisasie later beplan word, moet 1 cm. by die verlenging gevoeg word, om te kompenseer vir die vermindering in lengte wat die voetoperasie teweegbring.

Tegniek van Tibiale Verlenging

Die Eerste Stadium van beenverlenging behels 'n osteotomie van die fibula ongeveer 1½ duim bokant die laterale malleolus en oorplanting van die distale fragment in die tibia (Afb. 1). Die proksimale fragment met periosteum word verwyder (ten minste ½ duim) om te verhoed dat die fibula weer aangroei, wat dit andersins geredelik doen. Hierdie verandering in die Abbott-tegniek is ontwikkel deur Anderson[11] en verhoed die valgusmisvorming wat so algemeen na die oorspronklike Abbott-operasie was. As die laterale malleolus nie goed vasgehou word nie, trek dit gedurende die verlenging na bo en kom te lê teenoor die distale tibiale epifese. Die prikkeling daardeur veroorsaak, verminder die groei aan die laterale kant van die distale tibiale epifese, en dit lei dan tot 'n valgusmisvorming van die voet.

Allan[12] het opgemerk dat subluksasie van die fibulêre kop in heelparty van sy gevalle voorgekom het. Hy meld ongelukkig nie hoe hy die fibula afgesny het nie, dog dit skyn eenvoudig osteotomies te gewees het, sonder oorplanting na die tibia. In meer as 150 gevalle in Edinburgh, is subluksasie van die fibulêre kop slegs in een geval gesien—'n



Afb. 1. A.P. en laterale opname met masjien in posisie. Die A.P.-plaat toon die osteotomie van die fibula. Ou poliogeval, 9 jaar oud, met 2½ duim verkorting; 2½ duim verlenging is gedoen, asook 40° derotasie vir eksterne rotasie van tibia.



Afb. 2. Foto toon die verlengingsapparaat in posisie ongeveer 2 duim bokant die komberse.

geval waar die fibulêre osteotomie onvolledig was en die daaropvolgende beenhegting nie opgemerk is nie.

Allan het 'n hele paar gevalle gehad met tydelike peroneale senuverlamming, en ek is geneig om te dink dat hierdie komplikasie by gevalle met subluksasie voorgekom het, of andersins was hulle te wyte aan die gips-silinders wat hy gebruik aangesien hierdie komplikasie seldsaam is.

Die Tweede Stadium volg 6 weke later. Die beenverlengingsapparaat of ‚masjien' wat gebruik word is basies 'n Abbott-masjien, met Young se modifikasies. Die masjien word slegs aan die tibia gefikseer en word dan 2 duim bokant die komberse gehang, vanaf 'n Balkan-raam (Afb. 2). Die knie- en enkelgewrigte is los om te kan beweeg. Kortliks word die operasie as volg gedoen:

Die penne word aangebring met 'n elektriese automatiese boor, met al 4 penne in dieselfde vlak. 'n Spesiale voerder is beskikbaar. As die boonste pen, die eerste een, aangebring word, word die vel distaalwaarts getrek. Die pen word vanaf die laterale kant ingesit, en die pen, nadat dit deur die vel gesteek is, gaan eers onderhuids, om te verhoed dat die laterale popliteale senu beskadig word. Dan word die spiere versigtig teruggedruk met die pen, sodat dit die tibia teen 'n reghoek binnegaan ongeveer 1½ duim onderkant die proksimale tibiale epifese in die koronêre vlak.



Afb. 3. Ou poliogeval, 16 jaar oud, met 2½ duim verkorting van linkerbeen; 2 duim verlenging gedoen.
Afb. 4. Plate van dieselfde pasiënt as Afb. 2. Die been is in gips en goeie belyning is teenwoordig.
Afb. 5. Dieselfde pasiënt as Afbs. 2 en 3. Die been is uit gips uit 4 maande na die verlengingsperiode. Goeie kallus is teenwoordig.

Die distale pen word net bokant die distale tibiale epifese geplaas, nadat die vel eers opgetrek is. Die ander 2 penne word dan soortgelyk ingesit en die masjien aangebring en vasgedraai.

'n Reguit lengtesnit word dan gemaak oor die voorste aspek van die tibia, die periosteum ingesny en losgewerk. Die periosteum word dan sirkulêr ingesny om pyn gedurende verlenging te voorkom. Die been word dan òf met 'n Z- òf skuinsosteotomie deurgesny. Eersgenoemde verdeling is meer populêr as laasgenoemde. Die osteotomie-eindes moet meer as twee keer so lank as die beoogde verlengingsafstand wees. Indien eksterne rotasie teenwoordig is, kan dit op hierdie stadium gekorriseer word deur die masjien te stel. Die periosteum en vel word geheg en droë verbande aangebring oor die wond en rondom die pengaatjies.

Die na-operatiewe behandeling is waarskynlik die belangrikste aspek van tibiale verlenging. Verlenging begin na 48 uur, en geskied teen 1/16 duim per dag, totdat die beoogde lengte bereik is. As die pasiënt pyn ondervind word die spanning met 1/16 duim verslap en die apparaat word 3 tot 4 dae lank nie gedraai nie. Fisioterapie vir die knie en voet begin saam met die verlenging. Die verbande word 2 weke lank ongehinderd gelaat, behalwe as infeksie byvoorbeeld vermoed word. Die steke word dan verwyder, en die pengaatjies weekliks skoongemaak. As die verlangde afstand bereik is, word die masjien so gelaat tot genoeg kallus gevorm het. Dit mag 3 tot 6 weke duur. Dan word die masjien verwyder en plankies oor die penne aangebring, mediaal en lateraal, om hulle in posisie te hou. Dan word 'n vollengte-gips aangebring, wat al die penne insluit. Die voet word in maksimale dorsifleksie geplaas. Die pasiënt word dan ontslaan met krukke. As beenhegting sterk genoeg is, word die gips en penne verwyder. Nog 'n vollengte-gips word aangesit totdat beenhegting solied is. As 'n equinusmisvorming as gevolg van die verlenging ontstaan, kan dit grootliks oorkom word, deur die gips oor die dorsum van die voet te verwyder, en die voet op te wig deur stukke velt onder die voorvoet in te druk. As die equinusmisvorming te groot is, moet 'n tendo achillesverlenging gedoen word. Die neiging is om nie 'n primêre tendo achillesverlenging te doen nie, dog om te wag tot na die verlenging om te sien hoe groot die misvorming dan is. Die presiese tendo achillesverlenging kan dan beter bepaal word.

KOMPLIKASIES VAN BEENVERLENGING

Komplikasies was die hoofhindernis in die verlede. In 1936 het Compere[13] die saak vir en teen beenverlenging gestel. Sy kritiek oor hierdie operasie is oor en oor gebruik deur verskillende skrywers om 'n operasie wat sedertdien betreklik veilig geword het, te verdoem. Ek wil die punte deur hom genoem herhaal: (1) Komplikasies as gevolg van oorrekking, (2) komplikasies as gevolg van steuring van die bloedtoevoer na die fragmente en (3) komplikasies weens onvoldoende fiksering van die fragmente.

Die laaste 2 komplikasies kan oorkom of verhoed word deur veranderinge in die operasietegniek en die verlengingsapparaat. Tot 1936 is beenverlenging gedoen, volgens Abbott se beskrywing daarvan. Die metode het insnyding van die diep fascia van die kuitarea behels met wye blootlegging van die weefsels. Dit het ongetwyfeld die bloedtoevoer na die fragmente verminder.

Ek wil komplikasies as gevolg van oorrekking meer breedvoerig bespreek. Teen verlenging van 1/16 duim per dag word geen beenkomplikasies gesien nie. Niehegting word nooit gesien nie, alhoewel vertraagde hegting af en toe gesien word. Dit is egter van korte duur. Ferme beenhegting is waarneembaar ongeveer 3 tot 4 maande na die verlengingstydperk. Infeksie langs die pen kom selde voor en is gewoonlik lig en klaar vanself op. Selde is daar 'n geval wat skraping van die sinus benodig om die infeksie op te klaar. Daar is relatief gesproke geen spierkomplikasies nie, alhoewel 'n ligte mate van spierverswakking verwag kan word. In baie gevalle is daar voor die operasie in elk geval minimale spierkrag teenwoordig. Allen[12] het 'n groot mate van spieratrofie in sy gevalle gesien—dit was ongetwyfeld te wyte aan sy distraksieapparaat wat die been in gips gehou het vanaf die tone tot by die heup. Dit het geen knie- of enkelbewegings toegelaat nie.

Die bloedvate rek verbasend maklik en wys nooit enige tekens van vaskulêre ooreising nie.[12] Die senus is die enigste belangrike strukture wat somtyds moeilikheid gee. Die pasiënt merk af en toe 'n ligte mate van hipoëstesie oor die dorsum van die voet. Dit is egter tydelik van aard.[12]

Die enigste komplikasie wat in aanmerking geneem moet word, is voet- en enkelmisvormings. Die voet neig om in equinus te gaan weens die spanning in die tendo achilles. Dit kan gekorriseer word deur wigting of verlenging. Die tone neig in fleksie waar die dorsifleksors verlam is, en die ekstensors in effe dorsifleksie waar die toonfleksors verlam is. Dit is egter tydelik van aard en klaar geheel en al op met fisioterapie. Die enkelgewrig neig om 'n klein mate van beweeglikheid te verloor. Hierdie is die enigste komplikasie wat van belang is, en genoem behoort te word. Die beperking van beweging is van so 'n geringe aard dat dit nie oorbeklemtoon moet word nie. Die velwonde gee nooit moeilikheid nie, weens die feit dat 'n reguit vertikale snit gebruik word in teenstelling met Abbott se krom velsnit. Die sirkulasie van die voet bly goed gedurende verlenging en trombose is ongekend. Laat komplikasies word nie gesien nie.[14]

Komplikasies soos pyn, vaskulêre en senuoorstremming behoort nie gesien te word nie, as die regte tegniek gebruik word en as 'n pasiënt in die regte ouderdomsgroep gekies word. Die prosedure van tibiale verlenging behoort meer dikwels gedoen te word, dog verkieslik in 'n groot hospitaal waar spesiale personeel beskikbaar is vir ortopediese verpleging. Ons het nou al 5 gevalle sonder enige komplikasies in die Lady Michaelis-Ortopediese Tehuis gedoen. Die verlengings het gewissel van $1\frac{1}{2}$ tot $2\frac{1}{2}$ duim. Ons is baie bemoedig deur die korttermynresultate en is van plan om die prosedure meer dikwels uit te voer.

OPSOMMING

1. 'n Kort oorsig van metodes van beenverlenging word beskryf.

2. Spesiale aandag word gegee aan tibiale verlenging volgens 'n Abbott-tipe operasie en verlenging.

3. Komplikasies wat vroeër algemeen was na tibiale verlenging, is nou uitgeskakel met 'n veranderde tegniek.

4. Die vooroordeel teen die prosedure behoort nou iets van die verlede te wees en die operasie behoort meer dikwels gedoen te word.

SUMMARY

1. A short review of the methods used in lengthening of limbs is given.

2. Special attention is given to tibial lengthening according to an Abbott type of operation and lengthening.

3. Complications which commonly occurred previously after tibial lengthening are now eliminated as the result of a new technique.

4. The prejudice against the procedure should now disappear and the operation should be performed more often.

Ek wil die Mediese Superintendente van die Karl Bremer-Hospitaal, Bellville en die Lady Michaelis-Ortopediese Tehuis, Plumstead, en dr. Hamilton Bell, hoof van die Afdeling Ortopedie bedank vir hul toestemming tot publikasie van hierdie artikel. Ook my hartlike dank aan dr. J. C. S. Steytler vir die deurlees en advies oor die artikel. Ander persone wat ek spesiaal wil bedank, is drs. Robert Stirling en W. V. Anderson, albei van Edinburgh, wat my die tegniek van tibiale verlenging, soos deur hulle ontwikkel, geleer het.

VERWYSINGS

1. Phemister, D. B. (1933): J. Bone Jt. Surg., **15**, 1.
2. Blount, W. P. en Clark, G. R. (1949): *Ibid.*, **(A) 31**, 464.
3. Blount, W. P. en Zeier, F. (1952): J. Amer. Med. Assoc., **148**, 451.
4. Gill, G. C. en Abbott, L. C. (1942): Arch Surg., **45**, 286.
5. Campbell, W. C. (1956): *Campbell's Operative Orthopaedics*, Deel 2. St. Louis: Mosby.
6. Pease, C. N. (1952): J. Bone Jt. Surg., **(A) 34**, 1.
7. Harris, R. I. en McDonald, J. L. (1936): *Ibid.*, **18**, 35.
8. Codivilla, A. (1905): Amer. J. Orthop. Surg., **2**, 353.
9. Putti, V. (1921): J. Amer. Med. Assoc., **77**, 934.
10. Abbott, L. C. (1927): J. Bone Jt. Surg., **9**, 128.
11. Anderson, W. V. (1952): *Ibid.*, **(B) 34**, 150.
12. Allan, F. G. (1948): *Ibid.*, **(B) 30**, 490.
13. Compere, E. L. (1936): *Ibid.*, **18**, 692.
14. Sofield, H. A. *et al.* (1958): *Ibid.*, **(A) 40**, 311.

DIE ONTWIKKELING VAN DIE REGOPSTAND VAN DIE MENS*

M. J. TOERIEN, *Departement van Anatomie, Universiteit van Stellenbosch*

Presies 100 jaar gelede (1850) het Charles Darwin die evolusiebegrip die eerste keer op 'n wetenskaplike basis geplaas. Sy idees omtrent die evolusie van die mens maak hy eers in 1871 bekend. Een van die aspekte waaraan hy sy aandag wy is die ontwikkeling van die regopstand by die mens en die groot moontlikhede wat dit inhou vir die vrygeworde hande. In sy boek *The Descent of Man* skryf hy:[5] ‚I can see no reason why it should not have been advantageous to the progenitors of man to have become more and more erect or bipedal' (p. 78), en 'n entjie verder: ‚As the progenitors of man became more and more erect . . .'

Myns insiens het Darwin hom nie 'n halfregop tussenstadium in die menslike ontwikkeling voorgestel nie, want hy skryf: ‚It might have been argued with great force and apparent truth, that an animal could not have been gradually converted from a quadruped into a biped, as all the individuals in an intermediate condition would have been miserably ill-fitted for progression.' Hy het meer 'n stadium in gedagte soos verteenwoordig deur die mensape wat normaalweg vierbenig voortbeweeg met die romp taamlik regop en die kneukels op die grond, òf heeltemal regop soos *Hylobates* (die Gibbon) wat regop kan loop sonder om dit te leer, soos Darwin dit stel.

DIE LA CHAPELLE-GERAAMTE

Vyftig jaar gelede (1908) is die eerste taamlik volledige menslike fossielreste by la Chapelle aux Saints gevind. In 1911-13 beskryf Boule[2] hierdie skelette en tot vandag geld die bene van die sogenaamde ‚ou man' as die tipe van *Homo neanderthalensis* wat die rekonstruksie van die geraamte betref. Boule het na 'n baie volledige ondersoek van die la Chapelle-eksemplaar gevind dat daarin 'n aantal aapagtige kenmerke voorkom. Wat die stand van die individu betref het hy veral klem gelê op die volgende:

1. Die planum nuchae is meer skuins en die condylus occipitalis en foramen magnum is meer dorsaal op die skedelbasis geleë as by die moderne mens. Dit sou beteken dat die kop na vore geknik was.

2. Die (onderste) nekwerwels verskil baie van dié van 'n hedendaagse mens. Die processus spinialis is lank, horisontaal en ongevurk soos dié van 'n sjimpansee en die zygopophyse is minder skuins. Die werwelkolom is dus gerekonstrueer met slegs die primêre kurwe soos by die sjimpansee.

3. Die femur is sterk gekrom en die kop van die tibia wys 'n aansienlike mate van retroversie. Dit sou daarop dui dat die Neanderthal-mens met gebuigde knieë gestap het.

Hierdie rekonstruksie van Boule van die la Chapelle-geraamte in die ‚bekruipende' houding is tot met die nuutste uitgawe van sy boek deur Vallois[3] (Engelse uitgawe 1957) herhaal en is in talle werke oorgedruk.

KRITIESE BENADERING

Die feit dat hierdie voorstelling van Boule sonder meer deur die meeste antropoloë aanvaar is, moet in 'n sekere mate gewyt word aan die geestelike klimaat van daardie tyd. Die idee was natuurlik om die Neanderthal-mens so aapagtig as moontlik voor te stel in hulle soektog na 'n vermiste skakel. Darwin se waarskuwing dat 'n halfregop wese 'n geheel onmoontlike houding het, is eenvoudig in die wind geslaan. Ook is geglo dat met die uitsondering van die Gibbon, die mensape ook nie volkome regop is wanneer hulle tweebenig voortbeweeg nie. So skryf Slijper,[8] wat so 'n groot bydrae tot die algemene bewegingsleer gemaak het, in 1947 nog: ‚De anthropomorphe apen . . . zein echter in staat op de achterbeenen alleen te lopen; de romp helt daarbei egter sterk naar voren.'

Die mens is nie die enigste dier wat tot 'n tweebenige manier van voortbeweging oorgegaan het nie. By die tweebenige reptiele word die romp natuurlik nie volkome regop gehou nie, maar die houding is nie onmoontlik nie omdat die lang en soms baie swaar stert dien om die liggaam te balanseer. By die voëls wat met skuins rompe loop (ganse, swane, ens.), is die nek gewoonlik lank en word vér na agter gehou om die swaartepunt na agter te skuif. By voëls met 'n betreklike regopstand (bv. roofvoëls) is die nek kort. Nêrens in die diereryk word 'n dier aangetref waarvan die swaartepunt voor die steunpunt lê wanneer hy normaalweg voortbeweeg nie.

Coon[4] (1954) wys ook daarop dat van alle mensfossiele wat tot dusver gevind is, slegs die Neanderthal-mens nie regop geloop het nie. Die sleutel tot die probleem het dus

* Lesing gelewer tydens die tweede jaardag van die Mediese Skool van die Universiteit van Stellenbosch en die Karl Bremer-Hospitaal, Bellville, op 5 September 1958.

daarin gelê om te ondersoek of die klassieke rekonstruksie van die Neanderthal-mens geregverdig was of nie.

Geheel onafhanklik het 'n aantal ondersoekers dié aspekte van die skelet van die Neanderthal-mens ondersoek wat betrekking het op sy stand. So kom Arambourg[1] (1955), Patte[6] (1955), Straus en Cave[9] (1957) en ekself[10] (1957) tot die gevolgtrekking dat wanneer die foute wat gemaak is as gevolg van die patologiese toestand van die oorblyfsels (Straus en Cave) en die foutiewe rekonstruksie van die planum nuchae buite rekening gelaat word al die kenmerke van die Neanderthal-mens binne die variasiewydte van die moderne mens val. Selfs die nekwerwels waaraan so baie waarde geheg is, regverdig nie 'n stand anders as dié van die hedendaagse mens nie.

GEVOLGTREKKING

Die Neanderthal-mens het dus regop geloop soos al die mense van wie fossielreste tot dusver ontdek is, insluitende die Australopithecinae.

